

# Vier kleurryke krieketfees, bou aan groepgees

**Onder kleurryke sambrele en afdakkies van allerlei aard, omsingel krieketgeesdriftiges as't ware die Diamant-ovaal in Kimberley tydens Woensdag (01/02) se eendagwedstryd tussen Suid-Afrika en Engeland. Oud en jonk was teenwoordig, en die reuk van onder meer wors wat gebraai word, het tot die feestelike atmosfeer bygedra. Die groot paviljoen, met vaste sitplekke, was ook stampvol.** FOTO: HELENA BARNARD

Hoofartikel

# Kinderspeletjies lang ure se 'werk'

**Om deesdae kind te wees klink ál minder na kinderspeletjies.**

Selfs laerskoolkinders spartel glo om kop bo water te hou – en nie net tydens swemlesse nie.

Die rede hiervoor is al hoe meer naskoolse aktiwiteite wat die kind van speeltyd ontneem – hoewel die gemiddelde Suid-Afrikaanse ouer se afdwing daarvan ligjare van "tiger parenting" verwyder is.

"Tiger parenting", met sy oorsprong in die Ooste, is uiterse streng ouerskap waardeur ouers in die hoogste mate in hul kinders se sukses belê – van kleuterdae af.

Sulke kinders word uitermate gedruk om die heel hoogste akademiese prestasies te behaal ('n "A" is nie goed genoeg nie; slegs "A++").

Die kinders word gedwing om aan 'n verskeidenheid naskoolse aktiwiteite deel te neem, met geen ruimte om besluite te neem nie, of voor- of afkeure te verwoord nie. Vrees word in baie gevalle gebruik om die kind tot optrede te dwing. Bywoning van verjaardagpartytjies en aktiwiteite bloot vir pret en ontspanning, is ontoelaatbaar.

Westerlinge wat Engels-klasse in Oosterse lande aanbied, vertel 'n groot uitdaging is om dié kinders tydens klas wakker te hou. Selfs sesjariges kan daagliks aktiwiteite van 06:00 tot omstreeks 24:00 hê; terwyl die ouers meestal twee beroepe in dié tydsduur beoefen.

In Suid-Afrika is waarskynlik baie min sulke tierende ouers (dalk eerder die teendeel van totale onbetrokkenheid). Tog kan dit ingewikkeld raak om 'n gewone "speelafspraak" met 'n maatjie te maak. Maandag is dit musiek of ballet; Dinsdag en Donderdag hokkie of netbal of rugby; Woensdag tennis; Vrydag ekstra wiskunde-klasse; naweke is dit bywoning van byeenkomste.

Met die besluit oor hoeveel naskoolse aktiwiteite beoefen behoort te word, is balans sekerlik die kern. Dié balans kan slegs geskep word wanneer 'n kind toegelaat word om nog te speel.

Want so speel-speel, sê geleerdes, leer die kind om te onderhandel, probleme op te los, te deel, groepswerk te doen, besluite te neem en vaardighede te ontdek.

Juweeltjie

## spekskiet

leuens vertel, grootpraat of oordryf

- "Sy verbeelding ruk maklik hand-uit en dan skiet Oelie lekker spek." (Unie, Mei 1978, 376).
- Uit Nederlands "spek schieten", in die verouderde letterlike betekenis "met vetbelaaide vuurkoeëls na 'n vyandelike skip skiet".
- Besoek wat.co.za vir meer inligting.

Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as 'n e-publikasie by streeksnuus.netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.

SENTRAAL24

NOORDKAAP BULLETIN

**REDAKTEUR / EDITOR**
Helena Barnard helena.barnard@media24.com
**MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER**
Charné Kemp charne.kemp.writer@gmail.com
**ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS**
Natasha Ingram natasha.ingram@media24.com 082 567 3883

**BETREKKINGS / VACANCIES**
Noleen Petersen noleen.petersen@media24.com 051 404 7813
**REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES**
noordkaapbulletinlegals@media24.com 051 404 7600
**GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS**
noordkaapbulletinadverts@media24.com 051 404 7600

**OMBUDSMAN**
Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com.



Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).

**PERSRAAD**
Ons onderskryf die Etiese Kode van die Suid-Afrikaanse Druk- en Aanlynmedia, wat ons verbind om joernalistiek te beoefen wat gegrond is op die waarheid, wat akkuraat, regverdig, gebalanseerd is, en onafhanklik ingesamel is.

Twyfelhoekie

# Soek die pad huis toe op súlke dae

HANNES NOËTH

**Daar kom tye in 'n mens se lewe dat dit voel asof daar net te veel dinge op een slag is, en die antwoorde voel na net te min en die vrae dan net te veel.**

Dit weet ons almal.

Soos daar tye kom dat dit voel asof dinge makliker is en asof alles maklik is, so ook kom daar tye dat 'n mens voel maar nou is die uitdagings 'n bietjie baie.

Asof 'n mens wil kliphard sug: My skouers is breed, maar nie só breed nie; ek is sterk, maar nie só sterk nie; ek het planne, maar nie só baie planne nie.

Dit is eintlik oor daardie einste tye dat die ou mense so mooi gesê het jy op moedverloor se vlakte wil gaan sit.

Maar nee.

Lank gelede het ek en oom Daan in die veld geloop.

Saam.

Ek het nie geweet watter kant toe en hoe ver ons nog moes stap nie.

Ek het later begin wonder of ons ooit weer die huis gaan kry.

Eers veel later, toe ek groot is, het ek besef dit was eintlik vrek maklik en baie naby.

Sy raad was goed, op daardie dag.

Ek het nooit weer aan daardie dag gedink nie, totdat ons hom gister begrawe het.

Toe het ek weer daardie dag onthou.

Toe ek en oom Daan in die veld verdwaal het.

Toe ek net wou gaan sit.

Moeg was en warm gekry het.

Sommer net nie meer lus gehad het om saam met hom te loop nie. Om saam met hom te soek nie.

"Soek die pad, Boeta, soek die pad. Kom uit die bosse."

Dit was goeie raad.

Kom uit die bosse, soek die pad.

Potpourri

# Titel het sy plek

KARIN MULLER

**'n Hele paar dekades gelede was die Afrikaanse onderwyseres baie moedeloos met 'n herhaaldelike fout wat haar leerlinge begaan het.**

Op die jong ouderdom van tien jaar was 'n formele brief se afsluiting vir hulle verwarrend. Hulle het deurmekaar geraak met waar die titel hom moes bevind; afhangende van of 'n man, of 'n ongetroude of getroude vrou die brief geskryf het.

Op hierdie betrokke oggend het die onderwyseres die klas binnegestorm en op haar normale dramatiese manier haar hande in die lug gegooi.

"Waar sit 'n getroude vrou se titels?" het sy uitgeroep.

'n Geskokte stilte het gevolg.

Niemand wou waag om te raai wat hierop gaan volg nie.

" 'n Vrou se titels sit vóór!" het sy met oorgawe beduie.

"Voor!"

Al die leerlinge het asem opgehou. Sy gaan in soveel moeilikheid wees as Meneer hiervan moet uitvind.

Niemand het egter 'n woord gesê nie en hierdie geleentheid het 'n stille dood gesterf.

In die daaropvolgende eksamen het hulle 'n formele brief gekry wat deur 'n getroude vrou geskryf is. Almal het volpunte vir die afsluiting van hulle formele briewe gekry.

Sommige mense glo 'n titel maak van jou 'n beter mens. 'n Titel beteken nie noodwendig dat jy die werk kan doen nie.

Uiteindelik is dit al wat daardie dag van titels geleer is – nie hoe belangrik dit is nie, maar wel dat 'n getroude vrou s'n (in die geval van 'n formele brief) voor sit.

Kameeldoring

# Op baadjie takseer

GERDA-MARIÉ VAN ROOYEN

**Wanneer Oudste 'n onbekende die pastorie se klokkie sien lui, skree hy kliphard: "Hier is 'n honger mens!"**

Die ander dag toe sy ma ál singend afstof, mor die seunskind oor die "geraas".

Sy ma vra ewe aspris of hy nie ook wil inspring en help nie.

Hy kyk verward na haar en sê: "No, I am not a dwarf, thanks."

Sy ma frons.

"You are just like Snow White. Always cleaning and singing. Too bad you do not have animals to help you."

Later die dag, midde-in beurtkrag, speel Oudste met sy plastiekswaard en sê hy het eindelik 'n naam vir sy swaard gekry: "Dark Savior".

Dark Savior word kort daarna vir 'n speelstetoskoop verruil en "Sneeuweetjie" is die pasiënt.

Ná die diagnose van 'n seer keel, perfekte vetpersentasie en 'n arm wat verbind moet word, ontleed die kamma-dokter 'n kamma-speekselmonster onder sy kamma-mikroskoop.

"Mamma, you have the tickleboodies virus. It means your bum is itching. You should rest. Your heart needs some rest, too."

Daardie aand lees sy pa vir hom Asterix en verduidelik Zeus is die god oor gode.

"No Daddy, there is only one true God," korrigeer hy sy pa.

Mamma is trots op haar seun se uitkenningsvermoë, maar waarsku die volgende dag hy moenie mense op hul baadjies oordeel nie.

"But it is summertime. Only crazy people wear jackets in summer.

"Besides, everyone makes mistakes."